# Sosialistiese wette baat oortreders

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za



## DEELTITEL-FORUM

Ek moet vandag my mond uitspoel oor die sosialistiese politiek wat by ons deeltitelwetgewing ingesluip het.

Ons weet almal dat ons land se bestuur deur sosialistiese beginsels oorheers word, en sien byna daagliks die onsuksesvolle resultate daarvan. Dit is ongelooflik hoe die basis van deeltitelbestuur tans ook deur sosialistiese beginsels binnegedring word, waardeur oortreders tot nadeel van die groter gemeenskap beskerm en vertroetel word.

**Die eerste tekens van** insluipende sosialisme was al daar toe die wetgewer probeer het om die rentekoers ten opsigte van agterstallige heffings tot 'n absolute minimum te beperk.

Weens heftige en geldige besware uit vele oorde is van die plan afgesien en is die koers vervang met 'n geheimsinnige bepaling wat verwys na 'n ongespesifiseerde koers in die Nasionale Kredietwet. Dít, nadat ons howe reeds beslis het dat die Nasionale Kredietwet nie ten opsigte van deeltitelheffings geld nie.

Die intervensionistiese invloed by ons wetgewing, en veral by die voorgeskrewe bestuursreëls, stop egter nie daar nie. Die voorskrifte is deurspek met intervensionistiese beskerming van die "arme" skuldenaar, en ignoreer hoe dit die groter gemeenskap van eienaars benadeel – vele van wie soortgelyke finansiële probleme mag hê, maar steeds hul heffings gereeld betaal.

> **Die voorskrifte is deurspek met intervensionistiese beskerming van die 'arme' skuldenaar . . .**

**As jy die** sosialistiese beskerming van die individu in die bestuursreëls wil demonstreer, hoef jy nie verder as bestuursreël 25 te kyk nie.

Hierdie reël skryf 'n streng prosedure rakende hoe eienaars in kennis gestel moet word oor die heffings wat hulle moet betaal, wat die gevolge van wanbetaling kan wees en watter stappe die skuldenaar kan neem om stappe te bestry.

Dan, indien 'n eienaar agterstallig sou raak, moet hy weer skriftelik gewaarsku word, met die verstrekking van dieselfde inligting as in die vorige kennisgewing. Óók die bedrag wat die rente daagliks beloop en dat die trustees aksie mag neem indien die agterstallige heffings nie binne 14 dae betaal word nie.

Die skuldenaar kan darem nog vir die regskoste verantwoordelik gehou word vir die verhaling van die geld, maar nie meer op die bestraffende skaal soos voorheen tussen prokureur en kliënt nie.

Dit beteken dat die regspersoon altyd 'n gedeelte van die koste moet dra.

Dit stop egter nie hier nie, want tensy die skuldenaar tot betaling toestem – wat nooit gebeur nie – moet die koste getakseer word voordat die skuldenaar daarvoor verantwoordelik gehou mag word. Om dit te kan doen, is dit nodig dat 'n dagvaarding eers uitgereik word.

**In my eie praktyk** is ons baie suksesvol om by wyse van kommunikasie met die skuldenaar die meerderheid van agterstallige heffings in te vorder, sonder dat dit ooit nodig word om 'n dagvaarding uit te reik.

Koste word natuurlik steeds in die proses aangegaan, maar omdat dit nie getakseer kan word nie, is die verhaling daarvan problematies. Die uitwerking van hierdie sosialistiese bepaling is dus dat die wetgewer verwag dat die regspersoon die koste moet betaal.

Hierdie benadering is myns insiens onaanvaarbaar teen die agtergrond van deeltitelbestuur en dis een van die vele aspekte in die voorgeskrewe bestuursreëls wat ernstig aandag moet kry.

**Nog is dit het** einde niet wat bestuursreël 25 betref. Trustees word verbied om 'n eienaar se rekening te debiteer "*with any amount that is not a contribution or a charge levied in terms of the Act or these rules without the member's consent or the authority of a judgement or order by a judge, adjudicator or arbitrator*".

Eerstens word die begrip "*charge*" nêrens gedefinieer nie en ons weet nie wat dit mag insluit nie. Dit plaas ook 'n verpligting op die trustees om telkens na die hof of ombud te hardloop voordat hulle dit kan waag om iets op 'n eienaar se rekening te plaas.

'n Voorbeeld daarvan is waar 'n wettiglik aanvaarbare boetereël in plek gestel is, soos by vele skemas reeds gedoen is. Dié boetes sal nie meer verhaalbaar wees sonder 'n hofbevel of bevel deur die ombud nie.

Meer nog, die boetereël moet nou in die bestuursreëls vervat word en daarvoor word 'n eenparige besluit vereis. Die wetgewer maak dit dus bykans onmoontlik om boetes aan oortreders op te lê.

**Waarom het ons** deeltitelwetgewing so dramaties verander en is so 'n sosialistiese rigting ingeslaan wat die bestuur betref?

Waarskynlik is dit weens die algemene sosialistiese rigting wat ons wetgewing inslaan.

Een voorbeeld is hoe die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) in wese herroep het.

Eersgenoemde wet is nog nie in werking nie, maar wanneer dit in werking tree, sal menige individu en sakeonderneming daardeur geraak word – tot nadeel van die winsgewendheid van besighede. Deeltitelskemas sal eweseer daardeur geraak word en trustees sal hulself goed oor die vereistes van POPI moet vergewis.

Meer daaromtrent later.